NO-TILL BOERE KAN 'N VERSKIL MAAK EN 'N GROOT ROL SPEEL IN DIE HERSTEL VAN KLIMAATS-VERANDERINGE

526
Hilton
3245

033 330 2062
082 4725987
086 579 6926
sandrafindlay@intanet.co.za

KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE NO-TILL KLUB VAN KZN
wat gehou sal word op Woensdag 11 Februarie 2015 om 09:30 by ATKV Drakensville, KZN

Geagte Lid, Vriend van No-Till en Bewaringsgesinde Landbouer

Ons nooi al die bogenoemdes uit om by ons aan te sluit vir 'n AJV wat nie net rigting sal gee aan die Komitee nie maar ook stof tot nadenke aan diegene wat dit bywoon.

Toegang sal gratis wees vir opbetaalde lede. Vir dié wat graag wil aansluit sal die koste R100.00 per persoon beloop.

ASSEBLIEF - ASSEBLIEF! Ten einde spyseniering te reël vir die korrekte aantal mense wat graag die AJV sal wil bywoon, benodig ons u RSVP teen 4 Februarie 2015 deur middel van 'n e-pos aan:

Sandra ntcsandra@gmail.com of 082 472 5987 of
Richard richardfindlayntc2@gmail.com of 072 147 9703

Die No-Till Klub se Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op Woensdag 11 Februarie 2015 vanaf 09:30 by die **ATKV Drakensville,** naby Bergville**.**

Die AJV was deel van die jaarkongres maar daar is besluit om dit te skuif om praktiese redes en om meer tyd toe te laat vir 'n meer konstruktiewe vergadering.

Die No-till Klub se Komitee het hard gewerk om No-Till Bewaringslandbou te promoveer, nie net in KZN nie, maar ook in ander dele van die land; die bywoning van afgevaardigdes van oor die hele Suid-Afrika en Afrika is 'n kenmerk van die belangstelling wat getoon word in die landbougemeenskappe om omgewingsvriendelike en volhoubare landboupraktyke aan te gryp. Oor die afgelope drie jaar het ons 'n gemiddeld van 250 afgevaardigdes gehad, met 343 as hoogtepunt in 2014, wat die belangstelling aandui in **GROEN LANDBOU.**

Mag ek van die geleentheid gebruik maak om u as gewaardeerde lid van die klub, of indien u slegs 'n vriend van die klub is, aan te moedig om spesiale moeite te doen om hierdie jaar se AJV by te woon?

Ons benodig lede om ons 'n mandaat te gee om te kan voortgaan met ons missiestelling en doelwitte.

Hierdie AJV gaan die vorm aanneem van 'n boeredag oor dekgewasinligting en aanmoediging om 'n verskil te maak en om in besigheid te bly.

Voorgestelde program vir die dag

- Landbou Ekonoom, Dr Philip Theunissen, sal kyk na die toekoms van landbou in Suid-Afrika met betrekking tot die verwagte groei in die bevolking van Suid-Afrika oor die volgende 20 jaar en die verwante moontlikhede.
- Landbou Ingenieur, Ruhan Theunissen, sal 'n prestasiemetings-opnameprogram bespreek wat die Klub hopelik sal fasiliteer: *"As jy dit nie kan meet nie kan jy dit nie bestuur nie".*
- Geoktrooieerde rekenmeester, Steve Colenbrander, sal die vrae vra:
  "Is boekhouding relevant?
  "Moet jy kyk na die eindresultaat of na jou bankbalans"?
- Inspeksie en bespreking van sommige spesies wat gebruik kan word in somerdekgewasse.

Ten einde die impak te maak wat die No-Till Klub benodig, sal ons u as lid, of voornemende lid, of as u slegs kom luister na die drie top sprekers, u moeite om by te woon waardeer, nie net alleen om inligting te bekom nie, maar dat ons ook 'n gesonde lidmaatskap/vereniging kan bou wat nie net vir die Komitee die nodige morele ondersteuning sal gee nie maar ook sal aanmoedig in ons pogings om die No-Till Landboubewaring te bevorder.

Vriendelike groete

Richard Findlay
No-Till Klub van KZN

Bestuur u plaas as 'n besigheid! Neem verantwoordelikheid vir u bronne! As jy nie beplan nie kan jy nie vooruitgaan nie!

Boerdery vereis passie en motivering om verantwoordelikheid te neem vir die natuurlike bronne wat aan u toegeken is. Dan sal volhoubaarheid volg!

ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE NO-TILL KLUB VAN KZN

PLEK: ATKV Drakensville DATUM: 11 FEBRUARIE 2015 om 09h30

No-till boere kan 'n verskil maak en 'n groot rol speel in die herstel van klimaatsverandering!

Lid, Vriend van No-till en Bewaringsgesinde-Landbouer

Dr Philip Theunissen het in 1976 aan die Hoërskool Wolmaransstad gematrikuleer en het na sy militêre diens 'n B.Com graad verwerf aan die Noordwes Universiteit. Hy begin sy loopbaan in 1983 as 'n ekonoom by die Suid-Afrikaanse Landbou-unie (nou Agri-SA); waar hy vier jaar later aangestel word as landbou-ekonoom by 'n Vrystaat Koöperatiewe maatskappy. Hy was finansiële bestuurder by 'n boerderymaatskappy in die Paarl voordat hy sy eie rekenkundige maatskappy in 1991 in Bethlehem gestig het. As 'n deeltydse dosent vir Tegnikon SA was sy vakgebied rekenaarsagteware vir plaasbestuur. Hy gee deeltyds klas in Besigheidsbestuur en hy was betrokke in die ontwikkeling van korrespondensiekursusse vir boere in finansiële rekordhouding, belasting en bemarking.

Hy doen voltydse finansiële rekordhouding vir boere in sy praktyk, dek opvolgbeplanning, bestuur van masjinerie, maatskappy-begroting, kontantvloei-analises en landbou ekonomiese vergelykings as deel van sy gewone konsultasies.

Sy Honneursgraad-verhandeling was getiteld: *"Issues in the financing of first time farmers"*, vir sy Meestersgraad was sy verhandeling getiteld: *"The efficiency of agricultural co-operatives in South Africa as suppliers of production finance to farmers"* en sy Doktersgraad se tesis was getiteld: *"Financial norms for mixed farming enterprises in the Eastern Free State"*. Toe die geleentheid ontstaan in 2005, het hy ingeskryf as deel van die eerste groep studente vir 'n nagraadse Meestersgraad in forensiese rekenkunde by die Noordwes Universiteit.

Dr Theunissen, 'n vryskut joernalis, se artikels het bykans in elke landboupublikasie in Suid-Afrika verskyn. In 1993 was hy Joernalis van die Jaar. In 2001 het hy 'n toekenning ontvang vir die beste artikel van die jaar in SA Graan vir sy artikel: *"When must a farmer quit?"*

Hy was gasspreker by verskeie landboufunksies en het deelgeneem aan landbouradio en televisieprogramme.

Ruhan Theunissen, is gebore op 4 November 1986 en word groot in Bethlehem in die Oos-Vrystaat. Hy matrikuleer in 2004 aan die Hoërskool Witteberg in Bethlehem, studeer in Potchefstroom aan die Noordwes Universiteit, en verwerf 'n Baccalaureus en Meestersgraad in Meganiese Ingenieurswese.

Hy werk vir drie jaar in die energiebestuur-sektor en spesialiseer in die meting en verifikasie van energieverwante data.

Hy het altyd 'n passie gehad vir boerdery en besluit om 'n loopbaanverandering te maak en begin boer in Mei 2013. Hy is deel van die Riemland studiegroep en die No-till roetes in die Reitz distrik.

Ivan Steven Colenbrander, is gebore in Nongoma, KwaZulu-Natal, praat Engels en gesels vlot in Afrikaans en Zulu. Hy matrikuleer in 1978 aan die Maritzburg Kollege in Pietermaritzburg. Na sy militêre diens verwerf hy in 1983 'n B.Com graad (Ekonomie en Landbou-ekonomie) aan die Universiteit van KZN en in 1989 'n B.Compt (Honneurs) in Rekeningkunde deur UNISA. Hy kwalifiseer in 1990 as 'n Geoktrooieerde Rekenmeester CA (SA) by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAICA).

Hy is 'n stigterslid van Colenbrander Ingelyf (April 2000); Colanbrander het oor die 90 werkers in diens wat die volgende dienste lewer: oudits, belasting, advies, versekering, werwing, forensies en inligtingstegnologie. Hy is behulpsaam en betrokke by kliënte wat hul besighede opgebou het van Nul tot meer as R1 miljard omset. As 'n Geoktrooieerde Rekenmeester is hy direk betrokke in alle fases van besigheid, naamlik: Bemarking, Strategiese Beplanning, Bestuur van kontantvloei, Batebestuur, Omkeerstrategieë.

NO-TILL FARMERS
CAN MAKE A DIFFERENCE AND
PLAY A BIG ROLE
IN CORRECTING CLIMATE CHANGE!

NO-TILL BOERE KAN 'N VERSKIL MAAK EN
'N GROOT ROL SPEEL
IN DIE HERSTEL VAN KLIMAATSVERANDERINGE

526
Hilton
3245

033 330 2062
082 4725987
086 579 6926
sandrafindlay@intanet.co.za

ANNUAL GENERAL MEETING OF THE NO-TILL CLUB OF KZN

to be held on Wednesday 11 February 2015 at 09h30 at ATKV Drakensville, KZN

DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE NO-TILL KLUB VAN KZN

wat gehou sal word op Woensdag 11 Februarie 2015 om 09:30 by ATKV Drakensville, KZN

REGISTRATION FORM
REGISTRASIEVORM

PLEASE – PLEASE! / ASSEBLIEF - ASSEBLIEF!

In order to arrange catering for the correct number of people wishing to attend the AGM, we need you to RSVP

Ten einde spyseniering te reël vir die korrekte aantal mense wat graag die AJV sal wil bywoon, benodig ons u RSVP

by/teen

4 February 2015

by emailing/ deur middel van 'n e-pos aan:

Sandra ntcsandra@gmail.com or 082 472 5987 or
Richard richardfindlayntc2@gmail.com or 072 147 970

Company Name / Maatskappynaam: **Finance Department's email address /** **E-posadres van Finansiële Departement:**	
Delegate's name / Naam van afgevaardigde:	
Postal Address / Posadres:	
Cell number / Selnommer:	
Telkom number / Telkomnommer:	
Fax number / Faksnommer:	
Delegate's email address / E-posadres van Afgevaardigde:	
Registration cost per person (*Please indicate):* **Registrasiekoste per persoon (*Dui aan asseblief):***	**PAID UP MEMBERS: FREE** **OPBETAALDE LEDE: GRATIS** **FOR THOSE WHO WOULD LIKE TO JOIN US/** **VIR DIÉ WAT GRAAG WIL AANSLUIT:** **R100.00 PER PERSON.**